DIE Riviertjie

JENNINGSSTRAAT 55 STRAND TEL 021 853 5991

Jaargang 17 ❄ Nr 133 ❄ MEI 2017

LEES BINNE

Gemeentenuus	2
Wie ek is in Christus	3
Fokus op die Huwelik	4
Gebedsaksie	5
Reseptehoekie	6-7
Mosambiek: Quionga	8
Mosambiek Geletterdheid	9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12

Die Riviertjie
Bydraes moet die Kerkkantoor voor 12:00 op Maandag, 15 Mei bereik!

Ons vou op Vrydag, 26 Mei die Riviertjie.



Maak dit tasbaar deur Wilna Smith

***Deut 11:18-20** Hierdie woorde van die Here moet julle lewe vul. Julle moet dit as herinneringsteken vasbind aan julle hande en dit moet 'n merk op julle voorkoppe wees. Leer dit vir jou kinders deur met hulle daaroor te praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.*

Ons as mense leef in 'n fisiese, tasbare wêreld, en daarom is dit somtyds vir ons vreemd en moeilik om op die 'onsigbare' te hoop en te vertrou. Ons sê soos Thomas '*sien is glo*'. Maar om te '*glo is om werklik te sien !*' As Thomas die gate in Jesus se hande sien, glo Hy dat Jesus opgestaan het, maar elkeen wat glo dat Hy opgestaan het, sien soveel meer... 'n ewige lewe, oorwinning oor sonde en seer.

Die Here weet ons sukkel met die 'onsigbare', daarom het hy ook praktiese handelinge gebruik, bv. spoeg en grond om blindheid te genees, handopgelegging om lammes te genees. Hy kon egter dieselfde met net 'n woord vermag het. Maar deurdat die mense die handelig gesien het, het dit die geloofwaardigheid versterk. Soms kan praktiese handelinge ons geloof versterk. Nie dat daar magiese krag in die handeling is nie, maar deur die doen of die sien of die vat of die ruik word dit makliker deel van ons.

Ek het byvoorbeeld op universiteit soggens op die koshuis se dak gaan bid. Dan het ek bokant elkeen se kamer gaan staan en vir my mede-inwoners gebid. Probeer om jou stiltetyd prakties te maak. Lig jou hande op in oorgawe as jy bid (daar is nie oë van ander wat jou selfbewus hoef te laat voel nie). 'n Vriendin van my maak 'n kol op haar wysvinger om haar te herinner aan wat sy daardie dag in haar stiltetyd geleer het. Elke keer as sy die kol sien - onthou sy weer en pas dit toe. As sy stort of bad doen sy sondebelydenis. Met die wegloop van die laaste water dank sy Hom dat die sonde weg is en dat niks en niemand haar dan weer kan aankla nie. As sy fisies aantrek, trek sy die wapenrusting in haar gees ook aan, om haar te herinner dat ons in 'n geestelike oorlog is.

Kom ons wees kreatief en laat kopkennis hartskennis word deur praktiese doen-dinge.

LOURENSRIVIER GEMEENTE

Fontein van Hoop; Strome van Seën & Liefde; Rivier van Lewende Water (Eseg. 47)
Kol.3:11 Christus alles en in almal.

Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE.
WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD ….. OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET (SOMMER MET 'N FOTO BY).

Ons kyk terug na 'n heerlike avontuur-kwartaal in Droomland saam met die Dinamiet Kiedz, Josef, Vaak Klasie, sy neef Klaas Vakie en sy Oupa Klasie.... Dankie aan elkeen wat dit onvergeetlik gemaak het! Hierdie kwartaal het te doen met redding, ambulanse en alles wat opwindend is...

WIE EK IS IN CHRISTUS:

Ek is aanvaar….
Joh 1:12
Ek is 'n kind van God.
Joh 15:15
Ek is 'n vriend van Jesus.
Rom 5:1
Ek is geregverdig & vergewe.
1Kor 6:17
Ek is verenig met die Here en ek is een met Hom in gees.
1Kor 6:19
Ek is gekoop met 'n prys en behoort aan God.

Flamēros®
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

1Kor 12:27 Ek is 'n lid van Christus se liggaam.
Ef 1:3-8 Ek is uitverkies deur God en aangeneem as Sy kind.
Kol 1:13-14 Ek is vrygekoop/verlos en vergewe van al my sondes.
Kol 2:9-10 Ek is volmaak in Christus.
Heb 4:14-16 Ek het direkte toegang tot die troon van genade.

Ek is veilig….
Rom 8:1-2 Ek is vry van veroordeling en hoef nie skuldig te voel oor enige iets nie.
Rom 8:28 God laat alles in elke omstandigheid ten goede meewerk vir my.
Rom 8:31 Ek is vry van enige veroordeling en skuldgevoelens wat teen my gebring word.
Rom8:39 Niks kan my skei van die liefde van God nie.
2Kor 1:21 Ek is standvastig, gesalf en verseël deur God.
Kol 3:1-4 Ek is weg gesteek saam met Christus binne in God.
Fil 1:6 Ek is versekerd dat God die goeie werk wat Hy in my begin het sal voltooi.
Fil 3:20 Ek is 'n burger van die hemel.
2Tim 1:7 Ek het nie 'n gees van vrees nie maar van krag, liefde en selfbeheersing.
1Joh 5:18 Ek behoort aan God en die duiwel kan nie aan my raak nie.

Ek is waardevol….
Joh 15:5 Ek is in Jesus Christus en 'n kanaal van Sy lewe.
Joh 15:16
Ek is uitgekies en aangestel om vrugte te dra.
1Kor 3:16
Ek is God se tempel.
2 Kor 5:17
Ek is versoen met God, 'n dienaar van versoening van God.
Ef 2:6
Ek sit saam met Jesus in die hemel.
Ef 2:10
Ek is God se handewerk/maaksels.
Ef 3:12
Ek kan tot God nader met vrymoedigheid en vertroue.
Fil 4:13 Ek kan alles doen deur Christus wat my krag gee.

Dance-in-Line Worx
'n Dans waaraan almal kan deelneem
Alleen dans op - "Country of Latin of Pop of Disco of Irish", ens. musiek!

Kom sluit by ons aan …!
Klasse: Maandae tot Donderdae
Plek: Lourensriviergemeente se saal, Strand
Skakel gerus vir Martie (083 287 7040) vir meer info.



My gebed tot God

Here, ek bid dat U my en my man sal help om openlik en eerlik oor alles met mekaar te kommunikeer. Ek bid dat U ons kommunikasie sal herstel na wat dit moet wees op dié gebiede waar ons tekort skiet. Leer ons om die nodige tyd opsy te sit en nie selfsugtig te wees nie sodat ons werklik met mekaar kan praat. Vernietig ons selfsug en leer ons om oop te maak teenoor mekaar. Help ons om te weier om ons van mekaar af te sny. Indien ons ophou praat het omdat die verhouding vol onenigheid is en daar baie seerkry was, vra ek dat U daardie wonde sal genees en vir ons vrede sal gee. Help ons om deur dit alles te werk en vernietig elke muur wat tussen ons opgerig is.

U is die God van nuut begin; daarom bid ek dat U ons sal help om oor te begin. Gee dat ons met nuwe oë na mekaar sal kyk sodat ons op 'n produktiewe manier met mekaar kan praat. Maak ons heel genoeg om op 'n liefdevolle en vriendelike manier eerlik te wees en dat dit nie vir ons nodig sal wees om ons gedagtes, gevoelens of ervarings weg te steek nie. As daar enigiets is wat ontbloot moet word, bid ek dat U u lig op ons diepste gedagtes en afgetrokkenheid sal laat skyn. Help ons om mekaar te eerbiedig deur te luister en te reageer. Mag ons nooit so afgetrokke wees dat ons nie meer tyd maak om "regte" en "goeie" dinge aan mekaar te kommunikeer nie.

Ek bid dit in Jesus se Naam.

Huwelike en Gesin

6 WEKE VAN GEBED TOT VOORBEREIDING VIR PINKSTER

Huwelike en Gesin

Week 5: 21 - 27 Mei 2017

REIS MET DIE REGTE GESELSKAP
Joh. 14:15-21

Vers 16: "Ek sal met die Vader praat. Hy sal vir julle n spesiale Helper stuur. Hierdie Helper ken net een pad en dit is die pad van die waarheid."

GEBED:

Dankie Jesus vir U Helige Gees wat ons nooit alleen sal los nie maar altyd by ons sal wees.

BELOFTE

Julle hoef nie bekommerd te wees nie. Ek los ook vir julle 'n geskenk wanneer Ek weggaan: VREDE. Daarom hoef julle nie gespanne of self bang te voel oor die toekoms nie.

DOELGERIGTE LEWENSREIS

Week 6: 28 - 31 Mei 2017

REIS MET DEERNIS IN SPAN
Joh. 17:1-11

Vers 9: "Ek bid vir hulle! Ek bid vir elkeen wat U vir my gegee het om na te kyk. Hulle behoort immers aan U. Oor hulle wil Ek nou met U praat en nie oor al die ander mense in die wêreld nie. Ons is mos een groot familie."

GEBED:

Here laat ons soos Jesus bid: Vader, dis tyd! Laat die wêreld nou sien hoe belangrik U Seun regtig is. Op die manier sal hulle ook sien hoe belangrik U is.

BELOFTE

"Ek bid vir hulle!
Ek bid vir elkeen wat U vir my gegee het om na te kyk.
Hulle behoort immers aan U.
Ons is mos soos een groot familie."

DOELGERIGTE LEWENSREIS

Week 1: 23 - 29 April 2017

REIS MET OPDRAG
Joh. 20:19-31

Vers 22: Toe blaas Jesus oor Sy volgelinge met die woorde: "Ontvang die Heilige Gees".

GEBED:

Jesus, seën ons met U vrede asseblief.

BELOFTE

Jesus sê vir hom: " Is jy oortuig omdat jy My gesien het? Wel, die mense wat My nie soos jy sal sien nie, maar my tog met oorgawe sal aanvaar, gaan van geluk oorloop."

DOELGERIGTE LEWENSREIS

Week 2: 30 – 6 Mei 2017

REIS MET LOJALITEIT & OPOFFERING
Luk. 24:13-35

Vers 31: Toe gaan die twee se oë skielik oop. Hulle het Jesus herken. Maar voordat hulle nog iets kon sê, het Hy verdwyn.

GEBED:

Ek glo U is die Seun van God en dat U opgestaan het.
Was my hart skoon en kom bly hier binne.

BELOFTE

"Dit is waar"…. Jesus het opgestaan!

Week 3: 7 – 13 Mei 2017

REIS LUISTEREND
Joh. 10:1-10

Vers 7: "Laat Ek dit nog eenvoudiger stel. Julle kan My met die hek van die skaapkraal vergelyk. Sê My, wat is die enigste regte manier om in die kraal in te kom? Natuurlik deur die hek. En die enigste regte manier om na God toe te kom? Natuurlik deur My."

GEBED:

Dankie Jesus dat U die Weg en die Waarheid is en dat U, U kinders beskerm.

BELOFTE

"Deur my kry julle alles wat julle geestelik nodig het..."

Week 4: 14 - 20 Mei 2017

REIS MET MEDELIEFDE
Joh. 14:1-14

Vers 6: Jesus sê toe: "Laat Ek dit so stel: "Ek is die 'pad' en my Vader die 'adres'. Wie hierdie pad loop, kom by die Ware Lewe uit. As iemand 'n ander pad loop, sal hy nooit by My Vader uitkom nie."

GEBED:

Jesus help my om te vra in gehoorsame afhanklikheid van U.

BELOFTE

"Luister nou 'n bietjie hier: as iemand My vertrou, sal hy dieselfde dinge doen as wat Ek doen."

ONS GEMEENTEVROUE SE RESEPTEHOEKIE

Ek seën jou met 'n sagte hart, 'n hart vol liefde. Seën jou met God se wysheid in elke besluit van jou lewe.

'N BROODJIE VIR DIE BLIK:

AARTAPPEL GESONDHEIDSBROODJIE
250ml aartappels, fyn gedruk
525ml volgraanmeel
250ml koekmeel
7ml koeksoda
5ml sout
10ml bruinsuiker
500ml ongegeurde lae vet jogurt

Voorverhit oond tot 180C. Meng die droë bestanddele saam. Vryf die aartappels met die vingerpunte in die droë bestanddele in. Meng die jogurt met die mengsel. Plaas die deeg in 'n gesmeerde broodpannetjie van 220mm x 100mm. Bak vir 1 uur en 15 minute.

SAADBROODJIE
20ml bruinsuiker
1liter warm water
10ml kits droëgis
910g volkoringmeel
150ml sonneblomsaad
15ml sesamsaad
15ml sout

Voorverhit die oond tot 200C. Los suiker in warm water op.
Strooi gis bo-oor en laat staan sowat 5 minute lank op 'n warm plek.
Meng res van die bestanddele en voeg vloeistof by om deeg te verkry.
Skep in gesmeerdie broodpan en bak sowat 50 minute of tot gaar.

TROPIESE PIESANGBROOD
250ml rosyne
425g pynappelstukkies, sonder sap
45ml lemoensap
125g botter
125ml bruinsuiker
1 eier, geklits
500ml fyngedrukte piesangs
500ml bruismeel
2ml sout
5ml gemengde speserye

Voorverhit die oond tot 180C. Meng die rosyne, pynappel en lemoensap in afsonderlike bak. Klits die botter en suiker saam tot liggeel en donserig. Voeg dan die eier en fyn gemaakte piesang by. Sif die meel, sout en gemengde speserye.
Voeg die piesangmengsel by en meng dan die geweekte rosyne en pynappel by. Plaas in 'n gesmeerde broodpannetjie en bak vir 1uur 15 minute of tot goudbruin en gaar.
Laat afkoel.

POLENTA-BROODJIE
500ml polenta
250ml koekmeelblom
2.5ml sout
5ml bakpoeier
2 eiers, geklits
125g botter, gesmelt
50ml heuning
250ml karringmelk
papawersaad om oor te sprinkel

Voorverhit die oond tot 200C. Voer 'n broodpan uit met papier en smeer. Meng die droë bestanddele. Voeg eiers, botter, heuning en karringmelk by en roer tot net gemeng. Skep in broodpan en sprinkel papawersaad oor. Bak vir 35 minute. Keer uit en laat afkoel.

SPOGBROODJIE
125ml margarien (verkieslik Stork)
150ml strooisuiker
75ml heuning
2 eiers
550ml meelblom
15ml bakpoeier
2ml sout
150ml melk
250ml gekapte okkerneute
ekstra heuning vir verglansing

Voorverhit die oond tot 160C. Smeer bodem van broodpan van 22 x 12cm en voer met waspapier uit. Verroom die margarien, suiker en heuning deeglik. Voeg eiers by en klits goed.
Sif die meelblom, bakpoeier en sout saam, en voeg om die beurt saam met melk by die verroomde mengsel. Meng die okkerneute in.
Bak vir ±1½ uur. Wag tot afgekoel.
Borsel of verglans met warm heuning en versier met gekapte neute.

SNOEKBROODJIE
1kg vars snoek
5ml sout
peper na smaak
50ml mielieblom
500ml afgeroomde melk
125ml room
15ml Worcestersous
25ml uiesap
gerasperde neut
25ml droë broodkrummels
suurlemoen wiggies en pietersielie

Maal die vis 2 keer, en voeg laaste keer sout, peper, en mielieblom by. Maal dit 'n derde keer terwyl melk bygevoeg word. Plaas mengsel in die bak van 'n elektriese menger.
Voeg die room baie stadig by en klits aanhoudend. Klits die Worcestersous, uiesap en neut by.
Die mengsel moet die tekstuur van dik room hê. Smeer 'n broodpan van 22x12x7cm. Besprinkel die boom met fyn krummels en giet die vismengsel daarin. Bedek met bladaliminium en sorg dat dit styf pas.
Plaas in 'n pan met warm water. Bak sowat 1 uur en 15 minute by 180C.
Laat 'n ruk in die pan staan. Keer uit en hou warm. Garneer met pietersielie en suurlemoenwiggies.

Mosambiek Geletterdheid

. Nuusbrief: Maart 2017

Ons is terug in Milange en het `n baie geseënde tyd saam met julle as ondersteuners in Suid-Afrika gehad. Dit is vir ons hartseer om te dink dat dit moontlik die laaste keer is wat ons van julle in hierdie lewe sal sien.

Milange skoolgebou

Die skoolgebou vorder goed. Die mure is klaar gebou en die dak is opgesit. Volgende gaan die vloere gegooi word, vensterrame en vensters ingesit en binne mure afgepleister word.

Self-volhoubare bosskole

Isaac het aan die begin van die jaar sy eie bosskool oopgemaak deur mielies te groei met `n voorskot op sy salaris. Sy skool se naam is Mwanatenga en dit gaan baie goed met die skool en die onderwyser.

Isaac staan in sy mielieland.

Die regering staan Isaac by deur handboeke aan die skool te verskaf en die gemeenskap moes self die skool bou. Die regering is baie beindruk met Isaac se plan om skole op hierdie wyse te open. Isaac wil op die dieselfde wyse `n skool in die noorde oopmaak saam met `n vriend van hom wat daar bly.

Die droom vir die toekoms is dat die gemeenskap hul onderwyser ondersteun deur middel van `n mielieland by die skool.
Op die oomblik is dit eers belangrik om vir die regering, bosgemeenskappe en ander besigheidsmanne te wys dat dit wel moontlik is vir Mosambiekse besigheidsmanne om skole te finansier.

In die volgende nuusbrief...

- *Hopelik foto's van Isaac se skool*
- *Stand van sake by die bosskole*

Niehan en Carmen
Kontak ons
E pos: baiewarm@yahoo.com
Whatsapp: +27 76 434 2773
Facebook : Mosambiek Geletterdheid

Ons praat met God oor...

- **Volgehoue vrede in Mosambiek**
- **Herlewing in Mosambiek en Suid-Afrika**
- **Sy wil vir ons pad vorentoe wanneer ons einde van die jaar klaar maak in Mosambiek. (Onderwysposte)**

Prys die Here saam met ons vir...

- Veilige reis na SA en na ondersteuners in die Wes-Kaap en Suid-Kaap.
- Isaac se skool wat gerealiseer het.
- Beter reëns en beter verwagte oeste in Milange area.
- Skietstilstand wat al `n paar maande in Mosambiek aan die gang is

MOSAMBIEKNUUS: QUIONGA

Ons is veilig tuis in Quionga
Die paaie was maar sleg. Mozambique north-south highway north of Save River. Met die sleepwa aan gaan dit maar baie stadig! 'n Paar fotos van ons rit

Hier sit Anna-Marie in 'n gat in die pad

Ontbyt langs die pad

Gebedsversoeke:

- Vir die jaar wat voorlê met al die uitdagings

Danksegging:

- Dankie vir julle almal se getroue gebede vir ons
- Dank aan die Vader wat ons nog altyd bewaar en onderhou het - nog voordat ons ons behoeftes aan mense kan bekendmaak, voorsien Hy reeds

Kontak en ander inligting
Andre & Anna-Marie Thiart, Quionga, Mozambique
Epos: thiartaa@gmail.com
Facebook: Makwe Mission -http://www.facebook.com/#!/MakweMission
Webblad: *www.gcx.org/Makwe_Mission*
Celnr Moz*:* ***+258 86 68 42 675 + Whatsapp***
+258 84 228 9038 + Whatsapp
Celnr SA: ***+78 348 1914 + Whatsapp***
+73 909 5288 +Whatsapp

JESUS HET REGTIG OPGESTAAN



Matteus 28: 5-7

LEESROOSTER : MEI 2017

(Joh.10:1-10; Joh.14:1-21; Joh.17:1-11)



DWARS:

1. 'n Dief kom net ….. en slag en uitroei. (Joh.10).
4. U het Hom ….. oor die hele mensdom gegee. (Joh.17).
7. Die ….. gaan by die hek in. (Joh.10)
9. Ek het hulle ….. en nie een het verlore gegaan nie. (Joh.17).
10. Wie nie deur die hek ingaan nie, is 'n dief en 'n ….. (Joh.10).
13. Ek sê dit sodat hulle my ….. in al sy volheid kan hê. (Joh.17).
14 Ek het U op aarde ….. deur die werk te volbring. (Joh.17).
15 Hy sal in en uitgaan en ….. kry. (Joh.10)
16 Die ….. van die waarheid. (Joh.14).
17 Ek sal julle nie as ….. agterlaat nie. (Joh.14).

AF:

2 Laat hulle aan U ….. wees deur die waarheid. (Joh.17).
3 Ek bid dat U hulle van die ….. sal bewaar. (Joh.17).
4 Die Vader sal vir julle 'n ander ….. stuur. (Joh.14).
5 Ek gaan om vir julle plek ….. te maak. (Joh.14).
6 Ek het U Naam ….. gemaak. (Joh.17).
8 Die skape ….. na die herder se stem. (Joh.10).
9 Heilige Vader, ….. hulle in U Naam. (Joh.17).
11 Julle moet nie ….. wees nie. (Joh.14).
12 Jesus is die ….. vir die skape. (Joh.10).
14 Die skape ….. die herder. (Joh.10).

INTERNATIONAL PROPERTY AWARDS
in association with
The Telegraph
BEST INTERNATIONAL REAL ESTATE AGENCY MARKETING
'I AM PAM' by Pam Golding Properties
2016-2017
BEST INTERNATIONAL REAL ESTATE AGENCY, MARKETING.
"I am Pam" CAMPAIGN
TAKE ADVANTAGE OF OUR SUCCESS AND MARKET YOUR PROPERTY THROUGH US.
Edelweiss Hankey
083 252 1964 / edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
pamgolding.co.za
savills An International Associate of Savills
PAM GOLDING PROPERTIES